

15 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 86

Fokusgedeelte: Psalm 86:12, 13

Loof die Here, want Hy red my uit bedreiging

Voel jy soms bedreig? Ons heinings word al hoe hoër en die hekke en slotte al hoe meer. Is daar plek en rede tot lof onder sulke benouende omstandighede?

Dawid se lewe was ook dikwels in gevaar. Hy roep om hulp, want mense bedreig sy lewe. Hy glo egter vas in die uitkoms, want hy weet God is almagtig en Hy is getrou. Daarom loof hy reeds die Here, al is die bedreiging nog nie verby nie, want Hy weet: God sal in sy verbondstrou en liefde sy lewe red van die dood. Die uitkoms staan vas in die lig van God se verbond.

Was hierdie een van die lofliedere wat Paulus en Silas onder soortgelyke omstandighede in die tronk in Filippi gesing het? Sedert Christus het ons immers dubbeld rede om God te loof, al word die gelowige soms deur mense en vervolging bedreig. Ons Here Jesus Christus het ons immers van elke denkbare vorm van die dood verlos en vir ons die ewige lewe verwerf.

Rondom ons is daar baie geweld. Baie mense leef in vrees. Gelowiges word ook bang – dit is menslik. Soek egter jou hulp by die Here. Hou vas aan sy verbond en die verlossing wat Hy deur Christus ook vir jou bewerk het. Weet dat Hy jou van die dood bevry het. En saam met die psalmdigter sal ook jou benoudheid oorgaan in geloofsvertroue en lofprijsing.

Sing: Psalm 86:5 (Totius)

Ds HB Hattingh (Warmbad)